Jaargang 55 Nr. 1

ISSN 1029-8754
MEI 2007

50 (1999)

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Is CO te veel gevra?

(Tensy anders aangedui is die skrifverwysings in hierdie uitgawe uit die 1983 – Bybelvertaling)

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding**
- **Christelike Onderwys en**
- **Christelike Wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis". . . (Spreuke 1:7).

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl Hand 1:8. (Skrifverwysing uit die 1953-Bybelvertaling) ■

SKRIFLIG

Ds. C. Bester

(Skrifverwysings uit die 1953-Bybelvertaling.)

1 Kor. 15:10 - "Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is."

My begin is genade, sê Paulus. As dinge van hom afgehang het het hy met sy briljante teologiese kennis en al, pylreguit in die verderf ingestorm. Hy was fluks op pad daarheen deur sy persoonlike vyandskap teen Jesus Christus. Paulus bely dat God hom egter heeltemal omgedop het. Hy is deur God herskep ... in 'n onverdiende maar lewensnoodsaaklike Goddelike ingreep in sy lewe op die Damaskuspad. Dit is 'n geskenk van God. Deur Sy verlossingsgeskenk gee God vrymagtig vir Paulus 'n nuwe begin nadat hy daarin geslaag het om met sy briljantheid alle hoop op die hemel te verbeur!

Paulus het dié gawe van God waardeer! Hy het dit nie verswyg of weggesteek nie. Almal moes hoor van dié wonderlike God wat die blink Saulus van sy troontjie afgestoot het! En God het nie halwe werk gedoen nie – Hy doen nooit halwe werk nie! Hy het Paulus só splinternuut gemaak dat hy eenvoudig oorgeloop het van God se wonderliefde. Nie een van die ander apostels het die kilometers afgestap wat Paulus vir sy Here afgestap het nie. Nie een ander een het soveel groeipunte, gemeentes, vir die jong kerk gevestig nie, nie een van die ander het soveel lering vir die jong kerk neergepen nie. Ten spyte van 'n "doring in die vlees", het Paulus 'n verbysterende dienslys voltooi. Inderdaad het God in die persoon van Paulus nie 'n dooie donkie opgesaal nie – en Paulus is deeglik bewus van hierdie feit. In plaas van hoogmoed en selfverheffing ontpers dit hom egter weer

Vervolg op bl 2

IN HIERDIE UITGAWE

- CHRISTELIKE WETENSKAP 2-3
- IN MEMORIAM 3-4
- CHRISTELIKE BENADERING 5-7
- KALSIUMKARBONAAT 7-9
- PRYSTOEKENNING 10
- RELIGIEUSE AANSPRAAK OP DIE ONDERWYS 11-12
- UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS 13-14
- HG STOKER OP LASERSKYF 15

Vervolg van bl 1

'n belydenis: ".. nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is."

Paulus getuig hiermee dat hy die geheim ontdek het van 'n lewe wat onvoorwaardelik aan die Here weggegee is: Die Heilige Gees werk Sy krag en genade in en deur so 'n mens om Gods Koninkryk te bou, en daagliks meer en meer sigbaar te maak.

Die vraag kom nou op in 'n mens se gedagte: hoeveel Christene van ons tyd is nog bewus dat hulle nuwe lewe 'n genadegawe is van God? In hoeveel Christenlewens rondom u sien u die oorvloedige werking van God se Gees omdat verlostes hulleself geheel-en-al aan God gee om aan Hom gehoorsaam te wees? Dit kan. Dit moet. God bied dit gratis aan vir elke gelowige wat Sy belofte toeëien.

Is Christelike Wetenskap, -onderwys bloot 'n foefie?

In die Voorwoord (1964) van sy boekie: *Christelike Onderwys* - uitgegee deur die VCHO - skryf wyle prof. HJ Strauss:

"Dit word aangebied aan hulle wat erns wil maak met die Christelike wetenskap en die Christelike onderwys en -opvoeding. Die magte van die ongeloof word elke dag sterker in ons vaderland – ook buite ons Republiek – en dit is noodsaaklik dat ons ons harnas op die gebied van die Christelike wetenskap.

Ons standpunt is met opset radikaal gestel. In tye van vertroebeling raak die goud makliker verdonker en dan moet 'n mens hard vryf om die glans – ook van die Christelike beginsels – nie te laat verdof nie.

Ons weet dat dit nie 'ontspanningsleesstof' is nie. Dit is nogtans nie te moeilik vir elkeen wat dit in Christelike erns wil lees en oorpeins nie."

Indien hierdie geliefde, en dikwels onder-waardeerde leermeester, al in 1964 hierdie noodsaak aangevoel het ten opsigte van die toestand in ons land – toe ons nog "Christelike skole" gehad het, kan ons maar net dink wat sy indruk sou wees van die toestande wat vandag heers – en daagliks voortgestu word in 'n anti-Christelike baan.

Ons wil in hierdie rubriek 'n paar van wyle "prof. Herman" se tema's uit die genoemde boekie opnuut onder ons lesers se aandag bring. U sal saamstem dat die toestand reeds lankal verby die punt van noodsaak versleg het.

I. Ons onderwysers is (meesal) Christene, ons het saalperiodes ... en selfs ook nog Bybelperiodes – dus het ons 'n Christelike skool:

In ons stryd vir Christelike onderwys is die klem tot dusver hoofsaaklik gelê op die belangrikheid van godsdiensonderwys in ons skole, terwyl aan die noodsaaklikheid van Christelike wetenskap minder aandag geskenk is. Op die keper beskou, is dit 'n eensydige benadering – nie omdat godsdiensonderwys te veel beklemtoon word nie, maar wel omdat Christelike wetenskap verwaarloos word.

Sonder die Christelikewetenskaplike inslag van ál die onderwysaktiwiteite op skool, kan daar nooit sprake wees van Christelike onderwys in die volle sin van die woord nie – wel van neutrale onderwys in skole met 'n beperkte ruimte vir godsdiensonderwys tot troos van die Christenouer en –onderwyser. Neutrale onderwys, d.w.s. nie-christelike onderwys – alle godsdiensonderwys ten spyt – omdat alle onderwys van die wetenskap afhanklik is en geen skool dus ooit Christelik kan wees as sy onderrig nie bewus Christelik-wetenskaplik is nie.

Hierdie gevolgtrekking sal waarskynlik betwyfel word, omdat ons onderwys geen opsetlike onchristelike inslag vertoon nie. Daar is bv. nie 'n onderwyser wat maklik voor sy klas smalend oor Christus sal praat nie en bowendien is ons onderwysers nog byna almal Christene. Hierdie argumente is waar, maar die toets vir Christelike onderwys is nie of in die skool nagelaat word om Christus openlik te verwerp nie, maar wel of die onderwyser positief en doelbewus aan die Christelike onderwysbeginsels reg laat geskied. Want dit is wat Christus van ons eis – nie sg. neutrale verswyging nie, maar openlike belydenis van sy Naam – ook in die klaskamer!

Met godsdiensonderwys en Christelike onderwysers, egter sonder die inslag van die Christelike wetenskap, het ons dus nog hoegenaamd nie Christelike skole nie. Slegs skole waarin Christenonderwysers en Christenkinders "neutraal" leef omdat daar – behalwe in die godsdiensonderwys – nie positief en Christelik-wetenskaplik vir die koningskap van Christus getuig word nie. Die almag van God en die verdienste van Christus word dan slegs in die godsdiensonderwys by die leerlinge tuisgebring – as dit nie ook maar net 'n "neutrale" godsdiensonderwys (Bybelgeskiedenis) sonder Christelike leerstellige inhoud is nie. Langs dié weg gee die godsdiensonderwys maar net ekstra aksent aan die sg. neutraliteit van die ander skoolvakke, want die groot verskil is dan juis dáárin geleë dat Christus wél in die

Vervolg op bl 3

Vervolg van bl 2

godsdiensonderrig vermeld word, terwyl sy Naam in die res verswyg word. Spoedig verkeer elke leerling dus onder die valse indruk dat Christus met die res van die skoolvakke letterlik niks te doen het nie en so word die sg. neutrale onderwys mettertyd niks anders nie as 'n kweekplek van onchristelikheid. Trouens, niemand kan teenoor Christus neutraal wees nie. Ons is vir Hom of teen Hom – ook in elke skoolvak!

Indien die toedrag van sake dan wel só ernstig is, waarom laat ons Christenonderwysers nie in hul vakonderrig die Christelike wetenskaplike beginsels tot hul reg kom nie? Die antwoord is maklik: Omdat hulle opleiding aan die universiteite en aan die onderwyserskolleges nie gedrenk is in die grondbeginsels van die Christelike wetenskap nie, maar meesal juis in die grondbeginsels van die sg. neutrale wetenskap – positief uit die huis van die moderne ongeloof. Reeds as skoolkinders is ons onderwysers onder die indruk gebring dat daar eintlik geen verband tussen die "gewone" skoolvakke en Christus bestaan nie. Aan die universiteite en kolleges is hierdie valse indruk verder versterk omdat dáár ook nie 'n onlosmaaklike samehang tussen Christelike geloof en ons geleerdheid erken is nie. Daarom mag ons beslis nie ons onderwysers veroordeel nie. Hulle kom uit skole met godsdiensonderwys en met Christenonderwysers, en hulle kom uit universiteite en kolleges met Christendosente, maar langs die ganse weg het talle van hulle nooit kennis gemaak met die Christelike wysbegeerte, die Christelike opvoedkunde en Christelike vakwetenskappe nie. Hoe kan hulle dan in staat wees om Christelike vakonderwys te behartig?

Nee, ons onderwys maal in 'n sirkel van "neutraliteit" omdat die Christelike wetenskap so skaars is. Die sg. neutrale wetenskap het vir die ongeloof vestings in ons onderwys gebou en dit bowendien beman met Christenonderwysers en Christenleerlinge, Christendosente en Christenstudente. Hierdie houvas van die ongelowige wetenskap op ons onderwysinrigtings moet verbreek word met die wapentuig van die Christelike wetenskap – en eers dán sal die godsdiensonderwys in ons skole nie meer 'n eensame eilandjie in die sg. neutrale onderwysaktiwiteite wees nie. Eers dán sal die Christenonderwyser ook in die "gewone" vakonderrig die eer van God en die roem van Christus positief verkondig – sonder om dit telkens by die naam te noem, omdat dit steeds uit die verband sal spreek. En eers dán sal elke Christenleerling weet dat daar nie 'n kloof tussen geloof en kennis gaap nie, maar dat Christus die hoeksteen van beide is. En dán sal die Christendosente aan ons universiteite en kolleges voor hulle Christenstudente getuig dat God vir die werke van sy hande 'n gedagtenis gestig het – ook in die Christelike wetenskap!

Om te verhoed dat ons onder die indruk mag kom dat dit slegs met ons onderwys – as gevolg van die gebrek aan Christelike wetenskaplike kennis – so ongunstig gesteld is, moet ons saaklik ook let op die toedrag van sake in ons samelewing as geheel. Hierdie samelewing is trouens 'n eenheid en daarom kon die afvallige wetenskap, deur middel van die sg. neutrale onderwys, ongemerk vir die ongeloof 'n vesting bou ook in sowat elke ander afdeling van ons volksbestaan. Alles wat aan die onderwysinrigtings geleer word, word uitgedra na álle ander lewenskringe omdat die onderwys steeds diensbaar is aan die onderrig en opvoeding van die mens tot 'n volwasse lewe. Die lewensboodskap van die ongeloof kon dus nie vasgekeer word in die klas- en lesingkamers nie.

Die openbare pers – koerant, tydskrif en boek ens. – weerspieël bykans alles wat in ons volkslewe aan die orde van die dag is en daarom lewer die openbare pers 'n taamlike betroubare beeld van die koers en gehalte van ons volksbestaan.

Red.

In memoriam: ds FJ van der Merwe

Die tyding van die oorlye van ds Erik van der Merwe van Swartruggens op 17 Januarie, na 'n operasie en 'n kort siekbed, het ons geruk. In Maart van 2006 het hy nog een van ons vergaderings van die hoofbestuur bygewoon. Min het ons geweet dat dit die laaste een sou wees. Dat ons by die Vereniging in 'n posisie was om hom die afgelope jare as bestuurslid te kon hê, word as 'n uitsonderlike voorreg beskou, in die lig van die talle

verpligtinge wat hy op kerklik-godsdienstige, onderwyskundige en kulturele gebiede met nougesetheid vervul het. As gelowiges glo ons dat, soos wat dit ons vergun was dat hy op die bestuur kon dien, die Here enduit oor ds Erik se lewe beskik het, ook wat die afsluiting daarvan in hierdie bedeling betref, en dit bring ons daartoe om te bely: ons tye is in U hand.

Voor alles sal ons ds Erik onthou as oortuigde Christengelowige wat

die Calvinistiese lewensbeginsel in sy doen en late uitgeleef het. Die blywende indruk wat ons van hom het, is dat hy prinsipieel van denke en beskouing was, soos wat dit op die terrein van die onderwys, waar ons in nouer verband met hom geskakel het, telkens bevestig is. Om iemand van hierdie ingesteldheid in eie geledere te kan hê, soos wat dit met ds Erik en die Vereniging die geval was, is begryplikerwys vir die voortgang van Christelike onderwys van besondere belang. In die hoofbestuur was ons in 'n posisie om ruimskoots van die grondige onderwyskennis waaroor hy beskik het, gebruik te kon maak wat, byvoorbeeld, tot die verskyning van heelwat publikasies waarin die gereformeerde standpunt oor die onderwys gestel word, gelei het. Ds Erik was veral ook bekend vir die opstel van verskeie Skrifgetroue brosjures oor onderwerpe wat aan die Christelike lewe koersvastheid bied.

Ds Erik se professionele loopbaan begin met die verwerwing van die graad B.A. (Bloemfontein) in 1967. Hy volg dit op met 'n honneurs (Unisa) en daarna studie in die Teologie (Stellenbosch), wat uiteindelik aan hom 'n meestersgraad besorg het. Benewens sy grondige teologiese kennis, het ds Erik in Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgemunt. Nagraads het hy 'n hoër onderwysdiploma en 'n sertifikaat in remediërende onderwys verwerf. Ds Erik se akademiese onderlegdheid het aan hom die toerusting gebied om later in sy lewe in die bediening in die algemeen en op die onderwysterrein in besonder 'n merkwaardige bydrae te lewer, veral toe dit krities noodsaaklik geword het in die lig van die sekulariserende onderwyssituasie in Suid-Afrika. Alhoewel hy 'n loopbaan in die onderwys gevolg het, het hy nogtans sy predikantstatus behou, ten einde aan sy volle roeping uitvoering te gee.

As gerekende onderwysman het hy gedurende die tydperk 1974 tot met sy oorlye diep spore in die onderwys getrap. Dit het in Natal begin toe hy as Bybelkunde- en Geskiedenisonderwyser (Port Natal), aangestel is, daarna aan die Durbanse Onderwyskollege as lektor en vakhoof (later senior lektor/vakhoof) in Bybelkunde, gevolg deur 'n aanstelling as senior adviseur vir Bybelkunde van die Natalse Onderwysdepartement. Daarna, in 1991, aanvaar ds Erik 'n aanstelling as senior adviseur vir Geskiedenis en Bybelkunde aan die Onderwysdepartement van Bophutatswana. Sedert 1995 was hy hoofadviseur gespesialiseerde onderwys in Bybelkunde en Bybelonderrig aan die Noordwes se Departement van Onderwys.

Benewens sy erkende bydrae op die onderwyskundige en kerklik-godsdienstige terreine, was ds Erik iemand wat van die geskiedenis en kultuur van sy volk 'n grondige kennis gehad het, gepaard met 'n innige liefde vir die volkseiendomlike. Dit het hy graag met volksgenote gedeel tydens die talle kultuurkampe en geskiedkundige toere wat deur hom en sy eggenote onderneem is.

Ds Erik se gefundeerdheid in die Christelik-gereformeerde leer en lewensoortuiging het van hom 'n vanselfsprekende kandidaat gemaak om in die geledere van die VCHO opgeneem te word. Daarom het hy hom reeds in 'n baie vroeë stadium van sy lewe in die geselskap van ons Vereniging kon tuisvind. Sy uitnemende geskooldheid in die spesialisterreine Bybel- en Godsdiensonderrig het van hom 'n uiters toegeruste persoon gemaak om hom in die voorste linies van die onderwys te posisioneer, vanwaar hy hom vir hierdie saak wat hom so na aan die hart gelê het, beywer het. Soos op verskeie ander terreine van hom gesê kan word, het ds Erik binne die verband van die onderwys kosbare werk gedoen, nie net sover dit sy lidmaatskap by ons Vereniging aangaan nie, maar ook in die praktyk van die onderwys, waarvan vroeër melding gemaak is. Hy het trouens oor die vermoë beskik om vanuit die Christelik-reformatoriese teoretiese besinning oor belangrike onderwyssake, toepassings te kon maak, wat kosbare insigte meegebring het.

As gewaardeerde lid van ons Vereniging en prominente lid van die hoofbestuur vir etlike jare, was sy betrokkenheid by, en bydrae tot Christelike onderwys van onmeetbare waarde. Daarin het hy veel nagelaat wat soos waardevolle bouwerk in Bybelse sin van sy ywer in diens van die Here getuig, en kon ons oor soveel jare heen veel ontvang waaroor ons in 'n eervolle nagedagtenis aan ds Erik ons opregte dank wil betuig. Ds Erik het nie slegs oor Christelike onderwys gepraat nie; hy het dit geleef.

Hiermee die meelewing van die Hoofbestuur en personeel. Dit is ons opregte bede dat sy eggenote, Palma, en die kinders en familie in hierdie tyd die troos van die Here sal ervaar.

Christelike vakmateriaal

Een van ons lede uit Kuilsrivier se wêreld, en self onderwyser skryf soos volg:

"Ek het in Roeping en Riglyne gelees van u soektog na vakkundiges om te help met die opstel van vakhandboeke. Ek is reeds vir 30 jaar voltyds betrokke by die onderrig van kinders … Ek besef dus ook watter geweldige nood en behoefte daar bestaan vir goeie Christelik-gefundeerde handboeke om die onderwysers by te staan.

Ek is ook weer tot nadenke gestem deur die artikel oor die deelgenootskap van gesin, skool en kerk. Ek beplan om dit ook verder aan kollegas … deur te gee.

Aangesien ek graag van hulp sou wees laat ek my besonderhede …"

Ons dank die Here vir onderwysers van hierdie gesindheid, en vra dat ons lede steeds vir die onderwys in ons land voorbidding sal doen.

'n Christelike benadering tot natuurwetenskaponderrig
Deel 1
- Prof I.H. Horn

Vertrekpunt vir 'n Christelike benadering

'n Christelike benadering tot die onderrig van natuurwetenskap het as vertrekpunt die eerste stelling in die algemene, apostoliese geloofsbelydenis: 'Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van die hemel en die aarde.' In vandag se wêreld beteken dit dat die Christen natuurwetenskap-onderwyser die volgende sake moet aanspreek:

* die gepastheid van die Bybelse natuurbeskouing vir die beoefening van natuurwetenskap
* evolusie en die onfeilbaarheid van die hele Bybel
* die aard van wetenskaplike kennis
* die Afrika- en Oosterse natuurbeskouinge
* natuurwette en wonderwerke
* etiese vrae omtrent die toepassing van wetenskaplike kennis
* die geestelike waarde van natuurwetenskap.

As gevolg van ruimte sal die bespreking van bostaande sake in twee uitgawes geskied, eers die eerste twee sake en in die volgende uitgawe sal die vyf oorblywende sake bespreek word.

Die gepastheid van die Bybelse natuurbeskouing vir die beoefening van natuurwetenskap

In die hersiene nasionale kurrikulum word daar aanspraak gemaak dat die moderne wetenskap in Afrika-, Arabiese, Asiatiese, Amerikaanse en Europese kulture gewortel is. Dit is net gedeeltelik waar. Moderne eksperimentele wetenskap het onder Europese Christene in die sestiende eeu ontstaan (terselfdertyd as die Hervorming). Heidense kulture soos die antieke Grieke, Arabiere en Sjinese was uitstekende wiskundiges, ingenieurs en sterrekundiges, maar hulle redenasies was hoofsaaklik op intuïtiewe idees en perseptuele ervaring gebaseer. Daarteenoor het die Christenstigters van eksperimentele wetenskap (net soos die Hervormers) klem geplaas op die feilbaarheid van die mens en die gevolglike noodsaaklikheid om intuïtiewe idees en perseptuele ervaring aan die werklikheid te toets. Hulle het teorieë, bv. die Ptolemeïese geosentriese teorie wat die Roomse kerk verkeerdelik as Bybels beskou het, deur waarneming en eksperimentering getoets. Uit die geskiedenis van die moderne natuurwetenskap kom mens agter dat, benewens die stigters, die meeste 'groot' wetenskaplikes toegewyde Bybelgelowiges was. Hierdie feite moet onderwysers aan kinders oordra en terselfdertyd verduidelik hoekom die Bybelse natuurbeskouing uiters gepas is vir die beoefening van natuurwetenskap. Die redes is soos volg:

* Die Bybel verskaf 'n sekulêre, nie-geestelike siening van die natuur. Aan die afvallige teenpool daarvan vind ons dat 'n panteïstiese en/of animistiese natuur aanbid en/of gevrees moet word en eksperimentering sou die woede van die gode en/of geeste ontlok.
* Die Bybel waarborg die ordelikheid en wetmatige werking van die natuur. Die Bybel leer dat God nie wispelturig soos heidense gode is nie, maar dat Hy 'n getroue, onveranderlike en wetgewende God is. Daarom kan mens verwag om orde en wetmatigheid in Sy skepping te vind.
* Die skeppingsverhaal in die Bybel berig dat God Sy skepping as goed beskou het. Dit beteken dat die wêreld bestuderingswaardig is en dat natuurstudie deel van die skeppingsmandaat in Genesis 1:27-28 uitmaak.
* Die Bybel verskaf die nodige vertroue in die vermoë van die menslike verstand om die Godgeskape orde te verstaan. Omdat ons na God se beeld geskape is, kan ons binne die beperkinge van menslike feilbaarheid ons sintuie en redenasievermoëns vertrou.
* Die Bybel moedig gepaste wetenskaplike denke aan, nl. denke wat openheid tot waarheid met skeptisisme tot menslike idees en teorieë kombineer.

Evolusie en die onfeilbaarheid van die Bybel

In ons land word evolusionisme tans aggressief gepropageer. Baie Christene, insluitend Christenteoloë, glo dat dié teorie, wat postuleer dat al die miljoene lewensvorme op aarde van dooie materie tot by die mens ge-evolueer het, met die Christengeloof versoenbaar is. Die gevolglike wêreldbeeld word teïstiese evolusie genoem. Teïstiese evolusie hou vol dat God,

Vervolg op bl 6

Vervolg van bl 5

nie toeval nie, die evolusionêre prosesse bestuur het. As mens egter Bybels oor teïstiese evolusie nadink, dan moet die vraag gevra word: Sou die God wat Homself in die Bybel openbaar evolusionêre prosesse as skeppingsprosesse gebruik? Evolusie, sy dit deur toeval of onder goddelike bestuur, gaan voort d.m.v. stryd, pyn, lyding en dood. Evolusie begunstig die sterkere. Swakkes en siekes se bestaansreg word ontken. Maar die God van die Bybel, die Vader van Jesus Christus wie ons die Bergprediking gegee het, is 'n God van liefde. Hy gebruik wel stryd, lyding en dood om sonde te straf, maar Sy straf is regverdiglik. Hy sou nooit die swakkes en die siekes vernietig om hoër lewensvorme te skep nie.

Die aanvaarding van teïstiese evolusie het daartoe gelei dat die geskiedkundigheid van Genesis 1-11, Jona en die groot vis en ander wonderwerke in die Ou Testament bevraagteken word en nie as geskiedkundig nie, maar as mitologiese verhale wat ten doel het om 'n geestelike boodskap oor te dra, beskou word. Die uiteinde hiervan beleef ons vandag, nl. die huidige bevraagtekening van alle Bybelse wonderwerke, insluitend die maagdelike geboorte en liggaamlike opstanding van Jesus.

Wetenskaponderwysers het 'n besondere geleentheid om kinders tot aanvaarding van die onfeilbaarheid van Genesis 1-11 te lei. Die weg wat gevolg moet word is om die volgende sake op die toepaslike begripsvlak in wetenskaplesse in te weef:

* *'n Ordelike ontwerp word orals in die natuur, veral in lewende dinge, gevind.* In die hoër grade moet teïstiese evolusie en panteïsme as verklarings vir dié ontwerp bespreek word en die teenstrydighede van dié gelowe met die Bybel moet uitgewys en bespreek word. Die volgende is voorbeelde van verskeie soorte ontwerpe in die natuur wat gebruik kan word om kinders van kleinsaf bewus te maak van die mag en wysheid van God as Ontwerper (die geordende doeltreffendheid van die wêreld en elke lewende wese daarin) en as Voorsiener (die lewensvoordelige aspekte van die wêreld):

  - die bou en struktuur van lewende wesens

  - die orde in baie nie-lewende dinge (bv. kristalle, die allotrope van koolstof en swael, ens.)

  - die natuurwette en hulle universele geldigheid

  - die skoonheid en wiskundige elegansie van die natuurlike wêreld

  - die onveranderlikheid van sekere dinge (bv. die totale energie of massa in die heelal, die konstantes in die vergelykings wat die natuurwette omskryf, die spoed van lig, ens.)

  - die toestande wat perfek ingestel is om lewe op aarde moontlik te maak, (bv. die eienskappe van water, die grootte van die aarde en sy afstand vanaf die son, ens.)

* *Die evolusieteorie het baie wetenskaplike probleme.* Voordat sulke probleme in die klas bespreek word, moet kinders attent gemaak word op die feit dat die evolusieteorie na makro-evolusie en nie na mikro-evolusie verwys nie. Mikro-evolusie is bloot die waarneembare en demonstreerbare veranderinge binne 'n spesie wat in die natuur plaasvind en kunsmatig in die laboratorium gekweek word, bv. as 'n nuwe soort hond of roos gekweek word. Mikro-evolusie is die gevolg van die verstommende masjinerie binne 'n lewendige sel wat genetiese inligting kan skommel en herkombineer. Mikro-evolusie moet onderrig word – aanpassings, natuurlike seleksie, mutasies, genetiese skuiwings en DNS-struktuur en -variasie is feite wat op die toepaslike skoolvlak onderrig moet word. In teenstelling met mikro-evolusie, is makro-evolusie nie 'n feit nie, maar 'n hipotetiese verlenging van mikro-evolusie. Die volgende is maar net enkele van die sake wat met kinders bespreek kan word:

  - Die evolusieteorie is ontoetsbaar. Wetenskaplikes verwys na feite en waarnemings as bewyslewering van makro-evolusie, en 'n mens bevraagteken geensins sulke feite nie. Nietemin, die makro-evolusionêre afleidings is spekulasie. Teorieë moet eksperimenteel getoets kan word, maar die enigste deel van die evolusieteorie wat toetsbaar en gestaaf is, is mikro-evolusionêre prossesse. Die teorie dat alle lewe op aarde d.m.v. 'n geleidelike akkumulasie van mutasies ontstaan het, is nog, soos in die tyd van Darwin, 'n hoogs spekulatiewe hipotetiese afleiding en dit is by verre nie so vanselfsprekend soos van die meer aggressiewe voorstanders wil hê ons moet glo nie.

  - Alle voortplantingseksperimente slaag slegs om verandering binne 'n spesie teweeg te bring.

  - Louis Pasteur het alreeds in1864 bewys dat lewe nie uit nie-lewe kan ontstaan nie, maar slegs vanuit bestaande lewe. ('n Fabriek wat kos in blikke vervaardig berus juis op dié bewese feit.)

  - Geen fossiel van enige intermediêre spesie is al ooit gevind nie; alle aansprake op so 'n fossiel kan en word deur ander wetenskaplikes (insluitend evolusionistiese wetenskaplikes) aangeveg.

  - Makro-evolusie sou noodsaak dat die sel nuwe genetiese inligting produseer, maar molekulêre bioloë het vasgestel dat dit nie kan gebeur nie. Natuurlike

Vervolg op bl 7

Vervolg van bl 6

seleksie, genetiese skuiwings en laboratorium-manipulasie kan genetiese inligting skommel of verminder, maar kan nie nuwe inligting byvoeg nie. *Alle mutasies, selfs die min wat voordelig is, behels altyd net 'n skommeling of vermindering in genetiese inligting.*

- Wanneer aminosure (die boustene en grondslag van lewe) verbind om polipeptiede (die grondslag van proteïne) te vorm, is die chemiese reaksies omkeerbaar en is water 'n produk aan die regterkant: A + B ⇆ C + water. In 'n waterige medium soos die oeroseaan waarin evolusioniste beweer dat lewe begin het, sal die reaksie na links bevorder word en sal peptiedsintese (noodsaaklik vir lewe) derhalwe nie plaasvind nie.

- Die evolusieteorie word selfs onder evolusionistiese wetenskaplikes betwis. Sommige glo dat die veronderstelde evolusionêre veranderinge 'n geleidelike proses was (Darwinistiese en neo-Darwinistiese teorieë), terwyl ander glo die verandering van een lewensoort in 'n geheel en al ander lewensoort skielik en eensklaps plaasgevind het (die *onderbroke-ekwilibria*-teorie wat gegrond is op die feit dat 'n onaanvegbare fossiel van 'n intermediêre spesie eenvoudig nie gevind word nie).

- Die evolusieteorie vereis 'n baie ou aarde, maar geologiese veranderinge na natuurrampe is duidelike bewyslewering dat geologiese formasies vinnig kan vorm en/of verander en dus dat 'n wêreldwye vloed in Noag se tyd 'n logiese en wetenskaplik aanvaarbare verklaring is. In hierdie verband kan die kinders modelle van Noag se ark wat volgens die ontwerp in die Bybel gebou is, gewys word. Dié ontwerp is tegnologies hoogs gesofistikeerd en word in moderne skeepsbou toegepas.

* *Teenstrydighede tussen die Bybel en die evolusieteorie:*

- Teïstiese evolusie en panteïsme verklaar ook die ontwerp in die natuur, maar teenstrydighede van hierdie godsbegrippe met die God van die Bybel moet met kinders bespreek word.

- Die evolusieteorie vereis dood voor die sondeval.

- Jesus self het die gebeurtenisse in Genesis 1-11 as geskiedkundig aanvaar (sowel as die ander wonderwerke in die Ou Testament).

Hier eindig die bespreking in hierdie uitgawe. Soos aan die begin genoem, volg die bespreking van die vyf oorbywende sake in die volgende uitgawe.

Kalsiumkarbonaat

- HJ Hayes

Kalsiumkarbonaat ($CaCo_3$) of kalksteen is 'n bekende verbinding wat redelik algemeen in die natuur aangetref word en bruikbare toepassings in ons lewe van elke dag het. Byvoorbeeld: Wanneer hierdie karbonaat aan uiters hoë temperature onderwerp word (900°C+) word nuwe verbindinge gevorm. Dan het 'n mens o.a. die verbinding kalsiumoksied, wat ook as ongebluste kalk bekendstaan. In die boubedryf het dit besondere gebruikswaarde, waarvan o.m. die middel wat die sement moet bind te voorsien, sodat die gebou stewig kan verrys. Die ongebluste kalk word naamlik na gebluste kalk (kalsiumhidroksied) omgesit wanneer water daarby gevoeg word. Die kalsium is dan weer gereed om met koolsuurgas in die atmosfeer te verbind, wat die verharding van die sement meebring, onderwyl die water geleidelik verdamp.

Wat het kalsiumkarbonaat nou met Christelike onderwys te doen? Volgens die Christelike beskouing het 'n proefneming met $CaCo_3$ in die laboratorium alles daarmee te doen, soos verderaan beredeneer sal word. Die nie-christelike standpunt sal aanvoer dat dit bloot 'n chemiese proefneming is, wat sekere eienskappe van die verbinding sal blootlê en daarmee afgehandel. 'n Klompie dekades gelede sou een van die nie-christelike paradigmas, te wete die neutraliteitsidee, bloot die resultate beklemtoon, en daarby volstaan. Die naturalisme weer, wil alles wat bestaan in terme van die natuur verklaar, as dat dit slegs deel sou uitmaak van óf die dooie óf die lewende natuur. Volgens hierdie beskouing gaan alles dus in die natuur op, en word die natuur 'n grootheid opsigself.

Vir die doeleindes van hierdie bydrae kon net sowel enigiets anders uit die skepping geneem word wat in die onderwys bestudeer word. Die verwysing na kalksteen dien ter illustrasie om twee redes. Die eerste is om daarmee te wil verklaar dat die proefneming met die kalksteen leerlinge in die laboratorium ook na ander kardinale ontdekkings moet neem, wat met God-Drieënig en sy skepping as sodanig verband hou en bepaalde insigte of kennis, veel belangriker en groter as die wiskundig-chemiese resultate waartoe die proefneming ons lei, moet vaslê. Weldra word hierna teruggekeer ter verduideliking. Die tweede is die binding van die sement, waarmee die toepassing gemaak wil word dat die onderwys positiewe bindkragte nodig het (in oordragtelike sin bedoel), wat

Vervolg op bl 8

Vervolg van bl 7

daartoe sal meewerk dat ons leerlinge daardeur tot stewigheid (die toegerustheid tot goeie werke) gevorm kan word, soos die verrysende gebou wat deur die verhardende sement al sterker (in die mens se geval al meer diensbaar) gemaak word. Die bindkragte moet naamlik in die inhoude of die soort leerstof wat in die onderwys aangebied word, ingeweef word; selfs ook in die kalksteen-proefneming.

Vir iets of iemand om tot ontluiking te kom, is die voorwaarde dat dit binne 'n gunstige omgewing moet gebeur. Dink aan die onderwys aan die hand van die beeld van 'n aanvanklik-hulpelose klein mensie wat aanvanklik aan ouers en later onderwysers toevertrou word, om d.m.v. intensiewe opvoedende sorg na omhoog gelei te word, totdat hy of sy in staat is om selfstandig daarmee voort te gaan, volgens die heilige bedoeling van die Here.

Kom ons begin by die fundering vir Christelike onderwys en wat daarmee bedoel word. Hier kom die gesag van die Woord van die Lewende God aan die orde. In Efesiërs 1: 9-10 verneem ons o.a. hiervan: “Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekendgemaak en dit deur Christus tot uitvoering gebring … Sy bedoeling was om alles wat in die hemel is en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.” Sonder hierdie bekendmaking aan 'n in-sonde-gevalle wêreld sou ons van Christelike onderwys geen snars kon weet nie. Egter, noudat dit God-Drieënig behaag het om Hom so aan ons bekend te stel as die God wat die verbond van genade met mense oprig, waardeur 'n herstelde verhouding tussen Hom en ons tot stand gebring word, wat 'n geestelike vernuwing van ons lewens tot gevolg het deur die wedergeboorte, het dit besliste implikasies vir die onderwys. Hierin het ons Hom leer ken as ons Vader wat geskape het en in getrouheid onderhou, die Seun wat ons uit ons toestand van verlorenheid getrek het en die Gees wat al die weldade wat dit vir ons meebring, tot 'n werklikheid in ons lewens maak. Hierdie bekendmaking en die betekenis daarvan vir ons lewens en vir die wêreld rondom ons, plaas die onderwys in 'n totaal nuwe dimensie, omdat, kragtens die herskeppingswerk in Jesus Christus, die gerigtheid van ons lewens daardeur radikaal verander is/ word.

Onderwysdoelstellings is meerledig van aard. Die primêre doelstellings kan aangedui word as normatiewe kennistoerusting en persoonsontluiting, m.a.w. dit gaan oor kennis en karakter. Vir altwee komponente moet daar in die onderwysprogram voorsiening gemaak word. Die resultaat van ons onderwys moet dus, volgens hierdie beskouing, iemand wees wat (i) met die soort kennis toegerus is wat lewensbeskoulik die Christelike oortuiging oor die mens en sy funksie in die skepping huldig en (ii) godsdienstig en moreel in staat is om aan gestelde norme te kan beantwoord, beide wat daarop gerig sal wees om God-Drieënig in die samelewing te verheerlik. Nou weet ons dat elke onderwysmodel sy eie onderwysdoelstellings nastreef, en dit word bepaal deur die soort filosofie wat aan die basis daarvan gevind sal word. Nie enige onderwysmodel is geskik om ons kinders tot 'n Christelike lewensuitkyk of -oortuiging te bring nie. Hier is dit waar ouerlike verantwoordelikheid so deurslaggewend is. Dit is so omdat die verbond aan die bondelinge eise stel, een waarvan in die doopgelofte uitmond; die: "om in die leer te onderrig en te laat onderrig". Dit stel 'n onontkombare verpligting om toe te sien dat die eise van die verbond ook ten opsigte van die skool nagekom sal word.

Om nou weer na die kalsiumkarbonaat terug te keer. Vroeër is gestel dat die bindkragte met die inhoude of soort leerstof waarmee ons kinders bedien word, verweef moet wees. Christelike en niechristelike skole maak van dieselfde inligting gebruik om bv. die chemiese prosesse te verduidelik. Waar kom die verskil dan in? Hier is ons nou by die kritieke element in die onderwys waarin dit aankom op die konteks waarbinne die kennis oorgedra word. Ons verwys daarna as die religieuse inkleding in die oordrag van kennis en kultuur, wat gaan bepaal of dit Christelike onderwys sal wees of nie, ongeag of die skoolopening vroeër die dag met Skriflesing en gebed was. (Dit is 'n terloopse opmerking dat daar wel skole is wat met Skriflesing en gebed open, maar wat nie Christelike onderwys aanbied nie. Die feit dat dit gebeur kan egter nie as 'n terloopse saak afgemaak word nie, aangesien ouers nie daardeur van hulle verantwoordelikheid onthef word nie.) Hier, d.w.s. by die oordrag van kennis, rus die onus op die onderwysers om seker te maak dat die lesaanbieding binne die Christelike konteks plaasvind, en op die ouers om hulle te vergewis dat dit wel gebeur. Nou wat word hiermee bedoel? Dit beteken dat geen leerstof deur wie ookal en volgens watter model ookal aangebied, sonder enige vooropgestelde oortuigings kan wees nie nie. Indien dit nie Christelik van inslag is nie, sal dit van 'n ander (sekulêre, nie-christelike) inslag wees, waaruit die aanbieder se vooropstelling noodwendig sal blyk.

In die Christelike aanbieding is die religieuse vooropstelling dat die kalsiumkarbonaat 'n skepping van God is, wat onder die kulturele beheersing van die mens (Genesis 1:28) geplaas is, sodat godgerigte kultuurwerk (deur die chemikus of boukontrakteur as voorbeeld) daarmee voortgebring kan word. Ons kinders moet dus tot die insig

gebring word dat in hulle studie/ navorsing/ kultuurarbeid hulle voortdurend met die skepping van God besig is en so daarmee moet omgaan dat dit sy eer sal verkondig. Die aanbieding sal vervolgens ook daarop moet fokus dat die skepping aan die goddelike wetmatighede onderwerp is, waarin wette vir die natuur gestel is. Deur die ontdekking van die wetmatighede, nl. dat die kalsiumkarbonaat in sy oorgaan na ander verbindinge volgens die vasgestelde verordeninge vir die skepping moet reageer, moet die leerling tot die besef gebring word dat die skepping aan sy heerskappy onderworpe is, sodat dit nie die kalksteen is wat oor sulke wonderlike eienskappe beskik nie, maar die grootheid van God wat deur die skepping weerspieël word. Deur Hom ook so in die klaskamer te leer ken, word die geloof in Hom en die erkenning van sy alvermoë en voorsienigheid reeds van kleinsaf in ons kinders gevoed en gesterk, sodat hulle opgekeek word soos plante wat hoog groei en soos hoekpilare van 'n paleis (Ps. 144). Dan kweek ons kinders 'n identiteit aan wat hulle hoe langer hoe meer sterker aan die Here bind in hulle Christelike geloof.

Ons moet nie onder die indruk verkeer dat ons kinders vanselfsprekend tot hierdie insig en oortuiging sal kom nie, sonder dat hulle daarin begelei word. Luister maar en kyk na radio- en televisieprogramme waarin dit oor die natuur handel. Sovele kere het dit al opgeval dat daar ván die geleerde deelnemers aan wetenskapprogramme is wat oor die wondere van die skepping uitwei, en dan besondere eienskappe waaroor plante en diere sou beskik aan die entiteite se inherente vermoëns toeskryf, asof dit die plant of dier is wat so wonderlik is. Die filosofieswetenskaplike denkstroom daaragter is die evolusionisme en die religieuse vooropstelling wat hierin na vore kom naturalisme, waarin God eenvoudig uitgeskakel word. Ons kinders luister en kyk na hierdie programme, internaliseer dit klakkeloos, en die vraag ontstaan wanneer verbondsouers openbare standpunt hierteen sal begin inneem.

Die beskouing dat onderwys bloot onderwys is (neutraal van inslag), en slegs maar die oordrag van kennis sonder meer, aan 'n volgende geslag behels, moet van naderby ontleed word. Histories het daar so 'n denkstroom uit die skolastiek ontwikkel, waaruit hierdie beskouing soveel eeue later steeds voortkom. Dit het sy herkoms in die Griekse wysheidstradisie waarin kennis verheerlik, en as hoogste doel vir die mens se bestaan verhef is. Dink maar aan die Bybelse uitspraak: "… die Grieke soek wysheid." (1 Korintiërs 1:22), as gevolg waarvan dit hulle aan die saligheidskennis ontbreek. Reeds die oorspronklike betekenis van die woord laat 'n mens beter begryp waarom dit so is: *skholastikos* beteken geleerd.

Laat ons dit egter onomwonde stel: ons verwerp nie alles wat die Griekse kultuurwêreld voortgebring het nie, maar ons wil die onderskeidinge trek, sodat die bevrydende betekenis van Christelike onderwys duidelik na vore sal kom. Sê ons dan in die Christelike beskouing dat ons geleerdheid verwerp? Allermins, maar ons wil geleerdheid as sodanig binne die Christelike perspektief hanteer. Dit veral in die lig van 1 Korintiërs 1: 21: "Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie."

As ten slotte gevra word: waarom Christelike onderwys, en waarom vir Afrikanerkinders bestem? beteken dit nie dat ons sê dat ons dit vir die kinders van ander volkere misgun nie. Ons sê eintlik daarmee dat die Afrikaner opnuut kennis moet neem van wie hy is en waar hy vandaan kom. Diegene in Afrikanergeledere wat hul volkskap so maklik opgee wanneer ideologiese druk toegepas word, moet daarom 'n herwaardering van hul identiteite doen. Ons en ons kinders is nie hierjymense wat maar na alle kante toe gemanipuleer kan word nie. Ons wil nie maar identiteitloos meegesleur word nie. Ons herkoms vanuit die Protestants-gereformeerde tradisie bied die vaste grond om 'n staanplek in te neem betreffende onsself en die onderwys van ons kinders, wat ons as die Christelik-volkseie geïdentifiseer het. Indien ons dit van onsself glo, dan het ons onbetwiste rede om te verklaar dat ons kinders hierdie soort onderwys móét ontvang.

Laastens kan uit die kalksteen nog veel geneem word wat op die Christen-Afrikaner van toepassing gemaak kan word. 'n Mens kan hom soos die ongebluste kalk aan uiterste ekonomiese en sosiaal-maatskaplike omstandighede blootstel wat meebring dat hy sekere aanpassings moet maak om te kan oorleef; jy kan hom as't ware probeer onderwerp soos die gebluste kalk, deur hom in 'n vreemde ideologiese stroom te probeer indwing, maar daar kom 'n tyd dat hy opstaan en herwin (soos die kalksteen wat weer met die koolsuurgas verbind) wat hy nodig het om te kan bly wat hy is. Omdat hy niks anders wil wees nie as Christen-Afrikaner.

Seënbede

Een van ons hoofbestuurslede, Slabbert le Cornu, vroeër van Potchefstroom, is aan die begin van April as predikant in die Gereformeerde Kerk, Carletonville, georden. Ons bede is dat dit vir hom en sy gesin 'n geseënde bediening mag wees. Slabbert bly steeds aan as bestuurslid.

Meelewing

Innige meelewing word met die gesin en familie van ds Gert van Heerden, hoofbestuurslid van De Deur, betuig, met die oorlye vroeër die jaar van hulle (skoon-)seun in 'n motorongeluk by Bethlehem, waaraan hy nie aandadig was nie.

Prystoekenning

Weereens is dit vir ons 'n aangename voorreg om hierdie jaar se wenner van ons Vereniging se David Jacobsprys bekend te stel. Sy is naamlik Ester Delport van Virginia in die Vrystaat, wat haar graadstudie aan die Vrystaaste Universiteit op 53-jarige ouderdom voltooi het, en aan die vereiste hoë gemiddelde punt oor drie jaar studie in die Filosofie wat in 2006 ten einde geloop het, voldoen het. Die gemiddelde punt verteenwoordig 'n onderskeiding, wat 'n bevestiging is van deurlopende hoogstaande prestasie.

Die toekenning gee ondermeer uitdrukking aan die doelstrewe van ons Vereniging, te wete die verbreiding van Christelike wetenskap, waarin ons die unieke plek wat die Wysbegeerte as 'n oorkoepelende en verbandleggende wetenskap inneem, erken, asook uitmuntendheid te bevorder, ter wille van die uitbouing van 'n Christelike lewensfilosofie.

Ester is van oortuiging dat enige mens iets in die lewe kan bereik, selfs ten spyte van 'n tekortkoming soos leergestremdheid. Deesdae, vertel sy, staan 'n leergestremde persoon 'n baie goeie kans om vordering te maak, ter bereiking van 'n lewensideaal, soos die verwerwing van 'n graad. Sy moes self ook 'n aantal uitdagings te bowe kom, ten einde haar studie met hierdie mate van sukses te kon bekroon. Haar boodskap aan persone wat met leerprobleme sukkel, is dat hulle nie moed sal verloor nie. Daar is hulp beskikbaar en rehabilitasie behoort nie so vroeg as graad 7 in die skool gestaak te word nie.

In haar geval was dit 'n navraag aan 'n lektor oor litirêre werk, wat tot haar studie van die graad B.A. aanleiding gegee het. Dit was egter haar deelname aan koorsang wat aan haar die deursettingsvermoë en selfdissipline besorg het om haar studie met soveel sukses te kon deursien. Soos met enige naskoolse studie is daar sekere probleme wat oorbrug moet word;

in haar geval ook so, en met 'n gesin om te versorg, die afstand van hulle woonplek na Bloemfontein, ens., het dit haar volharding deeglik beproef. Andersins maak die groter toeganklikheid deesdae aan tersiêre instellings dit enigsins makliker om te kan studeer, en was die ondersteuning van haar gesin en familie, die universiteitspersoneel en vriende tot aansporing. Maar dat dit harde werk bly, lei geen twyfel nie.

Intussen gaan Ester voort met nagraadse studie oor die waarde van musiek in opvoeding. Sy het 'n besondere waardering vir die intellektuele en terapeutiese waarde van koormusiek, en is van oordeel dat musiek in opvoeding geïntegreer moet word. Hieroor sal die meeste studente seker nie van haar verskil nie.

Gevra oor haar beskouing van die betekenis van Christelike wetenskap is haar antwoord dat sy die standpunt huldig dat hierdie paradigma belangrik is vir die oopmaak van die deur na 'n harmonieuse en ordelike samelewing. Die plek wat Wysbegeerte onder die wetenskappe inneem, bied wesenlike toegang daartoe, met behulp waarvan ondermeer etiese en sosiale vraagstukke in die samelewing aangepak kan word.

Graag wens ons Ester van harte geluk met die verwerwing van haar kwalifikasie en die ontvangs van die toekenning op 24 April tydens 'n geleentheid wat deur die Universiteit gereël is, waartydens verskeie akademiese toekennings deur die Fakulteit Geesteswetenskapppe gedoen is.

Nuwe tuiste bied moontlikhede

Ongeveer vier maande nadat die nuwe tuiste te Van Schalkwykstraat 21, Universitas, betrek is, om as kantooropset te gebruik, is ons reeds goed gevestig, en is met belangrike aktiwiteite vordering gemaak, met die oog op verbeterde dienslewering. Met ongeveer 200m^2 meer beskikbare kantoorruimte as by ons vorige adres, is ons nou beter toegerus om aan voorkeurprojekte verdere uitvoering te kan gee.

In vorige uitgawes van ons blad is o.m. oor die boekeprojek verslag gedoen, waarmee in 'n stadium tydelik halt geroep moes word. Met meer ruimte tot beskikking is ons nou in 'n posisie om daarmee voort te gaan. Die aanbring van boekrakke in een van die groter vertrekke sal, wanneer dit afgehandel is, aansienlik meer rakspasie bied, sodat met die indeksering van oorblywende literatuur hervat sal kan word. Dit behels o.m. die kosbare gereformeerde literatuur, wat enkele jare gelede in die Vereniging se besit gekom het en wat ons hoop om binnekort vir gebruik deur die publiek gereed te hê.

Twee van die ruim doelmatige vertrekke leen hulle daartoe om as leeskamers en vergaderlokale ingerig te word, en dit beteken dat ons die publiek en dag- en hoofbestuur nou meer gemaklik sal kan huisves wanneer besoek aan ons kantoor gebring en vergaderings gehou word. 'n Gerieflike kombuis en ander goeie geriewe dra daartoe by dat besoekers aan ons adres in aangename omstandighede ontvang kan word.

Benewens die voormelde lokale, word voldoende kantoorruimte aan die personeel gebied, sodat dit praktiese werkruimte skep, met

Vervolg op bl 12

Die religieuse aanspraak op die onderwys

Deel 1

In sy appelerende boek, *Towards Christ-centred education*, reageer die outeur, T. Dreckmeyr, op sake soos: wat is Christelike onderwys, wat is die begronding en boustene daarvan, hoe behoort die onderwys van ons kinders daar uit te sien, hoe verskil Christelike opvoeding van dié waaraan ons die afgelope jare gewoond geraak het, en is dit moontlik om Christelike onderwys te kan aanbied, wanneer die kurrikulum wat voorgeskryf word nie daarvoor voorsiening maak nie? Dit is alles wesensaspekte in 'n hernude besinning oor die onderwys.

Die basiese aanname waarvan in die boek uitgegaan word is dat onderwys slegs in sy Christelike betekenis verstaan kan word, indien 'n mens self 'n vernuwing van sy/haar eie gemoed ondergaan (het), m.a.w. 'n wedergebore persoon is. In Romeine 12:2 kom die opdrag: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

Met hierdie imperatief (laat julle verander) in gedagte, is dit meteens duidelik dat ons denkwêrelde in die speelveld kom, in die wyse waarop daar gevolg gegee word aan die onderskeie gestaltes van ons wêreldlike bestaan. Daarin word gehandel in ooreenstemming met ons denkraamwerk. Dit is in die denke van die mens waar sy/haar ingesteldheid tot die wêreld beslis word, en wat dus in sy/haar lewens- en wêreldbeskouing na vore kom. Indien die denke van 'n mens beheer kan word, dan word ook sy/haar totale lewe beheers, aangesien 'n mens 'n eenheid is. Ons lewe nie in twee wêrelde nie, al hoor ons soms mense sê dat hulle 'n ervaring van 'n ander wêreld gehad het, of al word van 'n Eerste- en 'n Derdewêreld gepraat. Die bedoeling met e.g. is iets anders, soos verderaan gepoog word om uiteen te sit.

En nou is dit verder ook duidelik uit die Woord dat die mens ondermeer as 'n religieuse wese geskape is, waardeur hy in 'n verhouding van onderworpenheid en toewyding sy lewe laat beheers; dan nie oral en altyd in gehoorsaamheid aan die enige en ware God nie. Maar daar waar, deur die herskeppende werking van die Heilige Gees, hy/sy daartoe gebring word om die verlossing in Jesus Christus deur die geloof te aanvaar, daar is die ingrypende vernuwing van denke in sy/haar handel en wandel waarneembaar. Christene is terdeë hiervan bewus, maar daar is ongelukkig steeds onderwysers (en 'n mens kan ouers hierby voeg) wat die standpunt inneem dat daar in 'n tweedeling van Christelik (Dreckmeyr noem dit 'religieus' (direk vertaal)) en sekulêr voortgeleef kan word. Tot hiertoe die insigte uit die aangehaalde werk.

Wat die verdere beredenering oor die tweedeling betref, volg dit dat die religieuse as die dimensie beskou word waarin daar aan God-Drieënig gehoorsaam gelewe wil word, maar sover dit die tweede aangaan is daar 'n lewensfeer waarvan die beheer nie afgestaan wil word nie, waarvan hulle steeds die beheer vir hulself reserveer. Daar is dus Christene (ouers en onderwysers) wat glo dat hulle, alhoewel hulle die geestelike vernuwing ondergaan het, nog iets van die wêreldse leefwyse kan bestendig. Hierdie gesteldheid van marginaal-Christelik word dan op betrekkinge soos die kerklikgodsdienstige geprojekteer, waarbinne die onderwys nie noodwendig figureer nie. Die ander betrekkinge waarbinne hulle hul bevind, hoort volgens hulle oortuiging tot die sekulêre lewe. Onderwys word heel dikwels tot die sekulêre sfeer uitgerangeer, omdat dit – so word geredeneer – met die dinge van die wêreld te doen het, en nie met die heil in Christus as sodanig nie. Die argument wat dan ook dikwels gehoor word is dat die religieuse 'kant' van ons aardse bestaan 'n afgesonderde deel daarvan is, wat nie met die openbare lewe in verband gebring moet word nie.

Indien ons die Woord van God noukeurig nagaan, kom ons daarin tot die waarheid dat daar nie vir so 'n Christelik-sekulêre tweedeling ruimte bestaan nie. Vanuit Bybelse perspektief gesien, kan daar nie geredeneer word dat die religieuse deel van my bestaan met die kerklik-godsdienstige sfeer te doen het, terwyl daar terselfdertyd 'n ander deel daarvan is wat tot die sekulêre sfeer behoort nie. Dreckmeyr stel dit kategories dat die geheel van die Christelike lewensinstelling religieus van aard is, m.a.w daarin kan nie langer van 'n sekulêre houding sprake wees nie. Die implikasies van so 'n verskraalde beskouing van die Christelike lewensoortuiging hou besliste implikasies vir die onderwys in, aangesien, volgens hierdie redenasie, ander betrekkinge, soos die onderwys, inderdaad dan nie vir die Koninkryk opgeëis hoef te word nie. Die oorkoepelende Soewereiniteit van God as Heerser oor sy skepping word tot 'n enkele lewensfeer ingeperk, waarvan die onderwys en ander betrekkinge in die samelewing uitgesluit word. Die meeste wat 'n ouer/onderwyser met hierdie instelling miskien nog sal doen is om bloot hier en daar 'n bietjie Christelike getuienis te lewer – spatseltjies vir die Koninkr-

Vervolg op bl 12

Vervolg van bl 11

ryk. En, terwyl dít nie onderskat moet word nie, nogtans, waarom nie 'n konstante stroom van getuienis wat ons onderwys van A tot Z deurspoel nie?

Die vraag wat 'n mens onvermydelik wil vra is: met watter beeld van God-Drieënig word ons kinders in die onderwys grootgemaak? Word deur die openbare onderwysbestel waarmee ons opgesaal sit, daar nie moontlik 'n persepsie by kinders en jongmense gekweek dat die Almag en Krag en Grootheid van God ten aansien van die skepping beperk word, sodat daar betrekkinge in hierdie wêreld sou wees waaroor Hy geen seggenskap sou hê nie (met respek gestel), soos daardie vergestaltinge wat nie tot die kerklik-godsdienstige behoort nie; die kultureel-historiese (in die breëre betekenis daarvan) as voorbeeld, wat in direkte verband tot die onderwys staan. Die gevolge daarvan in die lewens van ons kinders en jongmense sal ons dan noodwendig moet verreken, want soos wat dit met die leerproses gaan, word sekere oortuiginge in verband met die skepping daardeur gevorm; wat as ons lewens- en wêreldbeskouing bekendstaan. Byvoorbeeld: dit sou hulle daartoe kon bring om die wêreld rondom hulle vanuit 'n wêreldse gesigspunt te beoordeel; sekulêr-humanisties ter illustrasie. Dan kyk hulle vanuit 'n nie-christelike gesigspunt na bv. die ekonomie, die wetenskap en noem maar op, 'n instelling wat, as dit eers eenmaal gevestig is, baie moeilik verander word.

Indien vir 'n oomblik na die doel van onderwys teruggekeer word. Volgens die Christelike perspektief is die doel daarvan dat die werklikheid in sy diversiteit aan ons ontsluit word, aan die hand van 'n waarheidsgetroue paradigma. In hierdie verband moet ons dan daarop let dat die enigste wat in die Christelike oortuiging gehandhaaf kan word, die openbaring van God in Christus is. Daar is genoegsame Skrifbewyse daarvoor dat die skepping in geen opsig outonoom is nie, maar enkel ter wille van Hom bestaan. Slegs die volgende word vir die doel hiervan aangehaal:

Kolossense 1: 16: “God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, …
Alles is deur Hom en vir Hom geskep.”

Romeine 11: 36 “Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!”

Op Bybelse gronde kan daar derhalwe nie standpunt ingeneem word dat, wat ons aardse bestaan betref, gestratifiseerd soos wat dit mag wees, so geskei word dat byvoorbeeld die nie-kerklike lewensverbande waarbinne ons ons bevind (gesinslewe; skolebedeling; staatkundige opset, ens.) geag word as dat dit terreine is waar die gesag en heerskappy van God en sy Woord nie van toepassing sou wees nie.

In 'n poging om die lewenskrag van die Christelik-religieuse oortuiging te probeer relativeer, met die oog op die vestiging van 'n sekulêre samelewing, moet die invloed van die Christelike godsdiens in Suid-Afrika geminimaliseer word. Een van die uitvloeisels hiervan is, ondermeer, dat in die openbare onderwysbedeling die multireligieuse konsep ingevoer word, aangesien dit nie een godsdiens bo 'n ander bevoordeel nie – almal dra gelyke waarde; een van die uitvloeisels van ons liberaal-humanistiese demokrasie. So word 'n 'gemaksone' geskep dat daar darem nie met godsdiens as sodanig weggedoen word nie – selfs die Christelike godsdiens word geduld, en dit dien vir Christene tot gerusstelling. Die probleem waarmee ons egter in die onderwys sit is dat die Christelike getuieniskrag daarvan effektief opgeskort word. Sekulêre handboeke van allerlei oorsprong soos voorgeskryf, is 'n sprekende bewys hiervan.

Daar moet vervolgens aandag gegee word aan die aard van die Christelike religiositeit soos wat dit in Suid-Afrika gevestig geraak het, en die implikasies daarvan vir die Christen-Afrikaner binne 'n onderwyskundige bedeling soos dié waarin ons ons tans bevind. Dit word in Deel 2 onder hierdie titel behandel, in 'n volgende uitgawe van ons blad.

Vervolg van bl 10

kantore wat so geplaas is dat dit somer- en wintervriendelik is. Daardeur word aangename werktoestande geskep, wat bevorderlik is. Al die ander projekte waarmee ons in die verlede besig was, word voortgesit, en ons wil hierdie jaar ook 'n begin maak met enkele nuwe projekte.

Die twee amptelike voertuie kan ook in die veiligheid van 'n dubbelmotorhuis op die perseel toegesluit word, waar dit in die verlede deur ons vorige hoof-uitvoerende beampte, ds Bester, beveilig moes word. Nou kan ons hom hiervan onthef vir meer verhewe volksdiens!

Die perseel waar ons kantoor/woning is het boonop ook 'n goed-versorgde gevestigde tuin, wat tot versiering dien van die omgewing waar ons werk.

Die personeel betuig hiermee ons opregte dank aan die bestuur en ons lede, wat die nuwe tuiste vir ons moontlik gemaak het. Die eiendom behoort egter nie aan die personeel nie, maar aan die VCHO-familie, en enigeen is hartlik welkom om 'n besoek te bring.

Uitkomsgebaseerde onderwys: waarheen neem dit ons?

Ingestuur deur 'n ouer en lid van ons Vereniging

Uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) – nou reeds vir etlike jare in Suid-Afrika die openbare onderwysbedeling – wat onder die benaming kurrikulum 2005 verpak is, het in oorsese lande soos die VSA en Australië klaaglik misluk.

Reeds in 1993, d.w.s. etlike jare voordat hierdie onderwysmodel aan die Suid-Afrikaanse onderwysgemeenskap 'verkoop' is, is die Schafflyverslag bekendgestel, ten opsigte waarvan die vraag deur die kommentator gevra word: "What's wrong with outcomes based education?"

Die verslag stip etlike probleemareas aan wat in 'n ondersoek onder die Amerikaanse publiek na vore gekom het. Daarin word o.m. gestel dat UGO vra vir 'n algehele verandering in die wyse waarop leerlinge onderrig, gegradeer en gekwalifiseer moet word; ge-'kindergarten' moet word deur tot in graad 12. Die voorafgaande krisis in Amerikaanse skole het as't ware die klimaat geskep vir die betrokke staatsliggame om UGO tot aanvaarding deur ouers af te dwing. Dit het egter enorme publieke reaksie tot gevolg gehad, waarin skares ouers in state soos Pennsylvanië, Alabama en Ohio openlik hul misnoeë by wyse van openbare protes te kenne gegee het.

Die besware wat teen UGO ingebring was, het o.m. tien bevat wat as wesenlik-bedreigend vir goeie onderwys bestempel kan word. Dit word vervolgens kortliks behandel, in 'n oproep aan Suid-Afrikaanse ouers om hul eie ervaring met Kurrikulum 2005 hiermee te vergelyk.

UGO word gekenmerk deur misleidende taalgebruik wat oënskynlik moedswillig gedoen word om ouers te bedrieg. Die voorstanders van die bedeling gebruik deurgaans dubbelslagtige uitdrukkings wat vir ouers een betekenis, maar binne die konteks van UGO 'n ander betekenis inhou. As voorbeeld: wanneer van hoërorde denke of kritiese denke gepraat word, word daarmee die bevraagtekening van tradisionele morele waardes bedoel.

UGO gebruik skoliere soos proefkonyne in 'n eindelose proefneming. Die voorstanders van UGO kan geen verantwoordbare navorsing of loodsstudies na vore bring om geldigheid aan die bedeling te verleen nie. Dit word egter eenvoudig op die openbare skolebedeling afgeforseer, sonder enige bewyse dat dit beproef is en die toets vir goeie onderwys geslaag het. Dr Spady, een van die grondleggers, het bv. in 1980 toe die skolenetwerk in Amerika op die been gebring is en daar nog na UGO as "Mastery Learning" verwys is, gesê: "I pleaded with the group not to use the name 'mastery learning' in the network's new name because the word 'mastery' has already been destroyed through poor implementation".

UGO bied geen metode waarvolgens verantwoording teenoor skoliere, studente, ouers en onderwysers en die belastingbetaler gedoen kan word nie. UGO herberg geen objektiewe standaarde van prestasiemeting nie. Dit kan baie jare en miljoene dollar se belastinggeld neem voordat vasgestel sal kan word of skoliere betekenisvolle onderwys deurloop het, of dalk hulle tyd op die skoolbanke gemors het. Onderwyskundiges het toegegee dat UGO uiters duur is, aangesien elke skolier teen eie pas werk, ten einde enige uitkoms/vaardigheid of gedrag te bemeester. Miskien is dit die rede waarom daarna verwys word as 'lifelong learning'.

UGO is 'n op-sy-kop-gedraaide egalitaristiese (maatskaplike en politieke gelykheidstrewe) skema wat individuele potensiaal vir uitnemendheid en prestasie smoor deur die klasgroep in sy geheel aan die vlak van leer wat vir elke leerling bereikbaar is te muilband. Leerlinge word dit misgun om na vermoë te presteer en uitstaande prestasie word nie geduld nie. Ten einde hieraan te voldoen word leerlinge in polities-korrekte groepe ingedeel met die oog op 'n sogenaamde groepsgradering. Dit is gebaseer op die onrealistiese idee dat elke leerling in die groep die aangewese vlak kan bereik deur bloot die bemeestering van 'n spesifieke uitkoms te demonstreer, alvorens daar met die groep gevorder word.

In UGO word akademiese kennis en feitelikhede vervang met vae en subjektiewe leeruitkomste. Volgens Spady: "the traditional subject-based curriculum disappears". Nuwe verslagkaarte vervang betroubare toetsing met die oog op 'n evaluering, waarin daar meer op algemene vaardighede, houdings en gedrag as op beproefde vakonderrig gefokus word.

'n Groot persentasie UGO-uitkomste handel oor waardes (wat gemeenskaplik sou wees van alle denominasies – eie invoeging), houdings, opinies en verhoudinge in plaas van objektiewe kennis, 'n groot aantal doelwitte is affektief (emosie en gevoel) van aard, eerder as akademies. Dit verwag van leerlinge om vae psigologiese doelwitte wat met eiewaarde, etiese beoordeling en die vermoë om by verandering aan te pas, verband hou, na te streef. Die vereistes om van een vlak na 'n volgende te beweeg, selfs te kwalifiseer, word deur gedragsverandering en staatsgewilde houdings bepaal. Dit, volgens die verslag, verteenwoordig 'n primêre verskuiwing in die skool se erkende doelstrewe. Dit hou nou in dat leerlinge se oortuigings, houdings en gedrag tot voorgeskrewe skolastiese sosiale norme omvorm word, eerder as om opvoedkundige en akademiesgerigte onderwys te ontvang.

Vervolg op bl 16

HG Stoker akademiese publikasie op laserskyf

Bekendstelling

In die September 2006-uitgawe van ons blad is die kosbare dokumentasie van die HG Stoker-nalatenskap onder die aandag gebring, met die aanduiding dat dit voltooiing nader. Dit is vir ons aangenaam om bekend te maak dat dié werk, wat op inisiatief van die Vereniging onderneem is, nou afgehandel, en in elektroniese formaat op laserskyf beskikbaar is. Dit behels die akademiese werk (gepubliseerd en ongepubliseerd) van wyle prof. Stoker, erkende Christen-filosoof, gedurende die jare waarin hy die leerstoel in Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO beklee het. Prof. Stoker het die Wysbegeerte van die Skeppingsidee ontwikkel wat allerweë as baanbrekerswerk op die terrein van die Reformatoriese Wysbegeerte beskou word. Dié belangrike werk is met die medewerking van die Potchefstroomkampus van die Universiteit van Noordwes gedoen, teenoor wie graag dank uitgespreek word.

Soos wat elke land en volk sy vooraanstaande denkers oplewer, so word die Denker-filosoof, prof. HG Stoker, vir akademiese werk van wêreldstandaard op die gebied van die Wysgegeerte, gehuldig. In sy bekende boek, Denkers deur die eeue, behandel prof. J. Heyns met positiewe erkenning o.m. die denkwerk van prof. Stoker.

Prof. Stoker se geloof in die Lewende God deursuur sy filosofiese werk. Hy is deur en deur 'n Christelike Filosoof, wat as Calvinistiese Denker geglo het dat alle dinge uit, deur en tot God is. Die Bybel het die grondslag gevorm van sy denke oor, en beoordeling van alles om ons.

Dit is die eerste keer dat dié uitgebreide werke van prof. Stoker op laserskyf uitgereik word. Dit sluit o.m. in diepte besprekinge oor onderwerpe soos owerheid en staat, die reg, die media, die wêreld, volkere, skepping, evolusie, tyd, arbeid, etiek, wetenskap en wetenskapsleer, grondslae, die samelewing en verantwoordelikhede, vryheid, roeping, antropologie, menswees, en verskeie ander sake in. Die laserskyf is vir hierdie doel met 'n goeie soekenjin toegerus, waarmee duisende bladsye inligting deursoek kan word.

Benewens dat die publikasie aan ons lede en belangstellendes in die algemeen aangebied word, is ons daarvan oortuig dat dit veral ook vir studente 'n kosbare literatuurbron sal wees, in die lig van die rigtinggewende akademiese inslag daarvan.

Dit is vir die VCHO 'n voorreg om hierdie kosbare publikasie aan ons lesers en belangstellendes aan te bied.



.....

Bestelvorm vir posversending - HG Stoker akademiese publikasie op laserskyf

Die bedrag van R100 (posgeld ingereken) is inbetaal/ ingesluit (skrap wat nie van toepassing is nie).

My besonderhede is soos volg:

Titel en naam: .....

Adres: .....

VCHO-bankbesonderhede:
ABSA Bank, ...
Maitlandstraat-Wes
Naam: Stokerfonds .....
Takkode 334 134
Rekeningnr. 9055599566 Poskode .....

Faks u bewys van inbetaling tesame met u bestelling na 051- 522 4513, of pos aan VCHO, Posbus 1824, Bloemfontein, 9300.

.....

DIE JONGSPAN

Dagsê Maats,

Dit is alweer Junie en ons het in Januarie 'n vorige keer met mekaar gesels. Hoe het hierdie eerste deel van die jaar sover vir julle verloop? Ons vertrou dat julle skooljaar teen hierdie tyd goed op dreef is. Oor die vordering wat julle gemaak het, is ons saam met julle dankbaar. Miskien is daar van julle met wie dit nie so goed gegaan het nie. Dan is ons hier by VCHO se gebed vir julle dat die ons Here, wat van elkeen se omstandighede bewus is, Hom oor julle sal ontferm in sy liefde. Sterkte vir die deel van die tweede kwartaal wat oorbly, en geniet die kouer herfs- en wintertyd na die lang warm en droë somerweer wat ons in baie dele van ons land gehad het.

Maats, in ons vorige gesels met julle het ons oor dié goed wat ons geleenthede noem wat op ons lewenspad kom, gepraat. Ter verfrissing: daarmee bedoel ons al die dinge wat ons ouers en onderwysers doen, om aan ons dié soort oefening te gee wat ons leer om reg te kan lewe. Ons praat van dinge soos huisgodsdiens, kerk toe gaan, ens. Dit sluit ons liggaam en ons gees in, omdat altwee geoefen moet word. Ons het ook gesê dat dit belangrik is dat ons die beste daarvan maak. Die opdrag dat, en hoe ons so moet lewe, vind ons in die Woord van die Here. Daaruit begin ons verstaan waarom ons in 'n ouerhuis grootword, tot lidmaat van 'n kerk toegelaat word, en die voorreg het om te kan skoolgaan, sodat ons reeds van kleinsaf geleer word hoedat ons dié God, wat Hom in *Die Bybel* aan ons openbaar, met ons lewens sal verheerlik.

Een van die belangrike lesse wat ons onder andere leer wil ons vir julle probeer wys deur julle aandag te vestig op die diertjie wat in die prent afgeteken is. Die diertjie wat julle hier sien lewe bo- en ondergronds, en is seker aan die meeste van ons maats bekend, maar ons gaan nie nou al sê wat dit is nie. Het julle al daaraan gedink dat dit vir hom veilig is solank hy onder die grond beweeg. Deur slegs onder die grond te bly, sal hy seker nie lank kan lewe nie, omdat hy voedsel nodig het. Daarom sien ons hom gereeld bo-op die grond rondskarrel, besig om sy voedsel bymekaar te maak. Maar bokant die grond, soos ons weet, is dit vir hom gevaarlik, omdat hy die prooi van allerhande jagterdiere, soos jakkalse, selfs roofvoels, ens. kan word. Om hom daarteen te beskerm, beskik die diertjie oor 'n besondere eienskap. Weet julle wat dit is? Ons weet dat hy goed gekamoefleer is en blitsig na die veiligheid van sy nes toe kan hardloop wanneer daar gevaar is. Daar is egter iets anders wat 'n mens oor die diertjie opval. Kan ons maats vir ons sê wat dit is. Die feit dat hy opmerksaam of versigtig is, nie waar nie? Ons bespeur dit in die manier waarop hy kort-kort regop kom en stip-aandagtig die wêreld rondom hom bekyk, soos in die afbeelding, om naderende gevaar betyds te kan raaksien.

Maats, nou weet julle seker wat dit is wat ons uit die diertjie se maniere wil probeer wysword. Indien ons hieruit iets kan leer dan wil ons dit op ons eie lewens toepas. Ons weet dat kinders van die Here, net soos ander mense, in hierdie wêreld onder die aanvegtinge van die duiwel kom, wat ons lewens wil vernietig. Ons kan ons alleen maar daarteen beveilig deur onsself aan die beskerming van die Here toe te vertrou. Soos die diertjie nie kan oorleef deur net onder die grond te bly nie, so kan ons ons ook nie eenkant êrens gaan toesluit en dink dat ons dáár van die aanslag van die duiwel vry sal wees nie. Ons bly steeds in die wêreld waar ons ons roeping moet nakom, maar nou kom gee die heilige Woord vir ons die reëls waarvolgens 'n gelowige dit moet doen. Een hiervan is om opmerksaam of versigtig te wees. In *Die Bybel* vind ons dit op verskeie plekke, byvoorbeeld in Prediker 5, die vier evangeliese boeke, Romeine 12, Efesiërs 4 en 5: 15 e.v. Daar is ook ander.

Om versigtig te wees beteken dat ons in staat sal wees om die goeie en die kwade van mekaar uit te ken. Hierdie is 'n belangrike reël Maats, omdat ons moet weet dat nie alle dinge in hierdie wêreld met God-Drieënig se heilige wil vir ons lewe te rym is nie. Ons het vroeër gesê dat ons ons nie in hierdie wêreld kan afsonder, soos om ons êrens in 'n klooster te gaan toesluit nie. *Die Bybel* leer ons egter om te onderskei tussen die goeie en die kwade, sodat ons die goeie kan aanneem en die kwade verwerp; daarvan kan wegvlug. In ons elkedagse lewe sal ons daarop bedag moet wees dat ons met dinge te doen sal kry, waarvan ons sal moet sê dat dit nie met die Christelike manier van lewe te rym is nie, en dus verwerp moet word. In ons volgende gesprek sal ons verder hierop ingaan.

VCHO-groete tot 'n volgende keer.

Blokraaisel

Af

1. Die diertjie wat hier afgebeeld is. Kies die regte een: (blouaap/ eekhoring/ meerkat).
2. Sinonimies heers in die verlede tyd.
3. “Vroeër was julle die ene …, maar nou in die Here is julle lig.” (Ef.4:8)
4. “En moenie die Heilige Gees van God … nie,” (Ef.4:30)
5. Mense sonder verstand wat hulle teen God verset.

Dwars

1. Om iemand op 'n dwaalspoor te neem.
6. Naam vir 'n inwoner van Efese.
7. Dit word gedra, en pas by die bekering.
8. “Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die … praat,” (Ef.4:25)
9. Persoonsnaam vir mense wat agter die Here aan gaan.



UGO is soos 'n rekenaarlêer wat vir elke leerling oopgemaak word, ten einde die leerling se pogings om leeruitkomste te bemeester na te gaan, neem die plek van tradisionele evaluering en toetsing in, en vervang lg. as basis om te bepaal welke houdings en gedrag aanvaarbaar sou wees, al dan nie, ten einde te kan vorder. Hierdie 'portefeulje' van elke leerling is essensieel in die dophou van individuele leerlinge. Dit toon aan hoe die leerling op gedragsmodifikasie reageer, wat sy/haar weerstandsdrumpel tot 'remediëring' is, en of hy of sy positiewe houdings tot gestelde uitkomste openbaar.

UGO leen hom daartoe dat een van die eerste leemtes wat deur die openbare skool uitgeskakel moet word verdoesel en bestendig word, nl. om te leer lees en spel. Dit is verbind tot die resultaat-idee van wat genoem word "word guessing", in plaas van die fonetiese metode. Leerlinge onthou slegs 'n klompie woorde wat voortdurend herhaal word. Onderwysers word bowendien gewaarsku om nie spel- en sintaktiese foute te korrigeer nie, omdat dit skadelik sou wees vir leerlinge se eiewaarde en kreatiwiteit.

UGO is daarop ingestel om verstewigde staatsbeheer, ten koste van plaaslike beheer deur 'n bestuursliggaam, te vestig.

Niemand sal dit seker meer wil betwyfel nie dat met die implementering van die nuwe onderwysmodel vir Suid-Afrika, dit met 'n verskuiwing in denke oor die onderwys gepaard gegaan het. Dit is ook duidelik dat ons nie die eerste land is waar UGO geïmplementeer is, sonder dat dit aan erkende onderwysbeginsels getoets word. Ouers, wat primêr vir die opvoeding en onderwys van hul kinders verantwoordelik bly, het geen geleentheid gehad om hulle vooraf op wetenskaplik getoetste gronde van die geldigheid daarvan te vergewis nie. Omdat ouers in Suid-Afrika aan 'n onderwysbedeling waarin die staat grootliks onderwysvoorsiening vir sy rekening neem gekonformeer is, word die gesag van die staat om daarmee voort te gaan, ongeag die filosofie ten grondslag daarvan, eenvoudig aanvaar. Dat dit 'n onderwysmodel is wat Suid-Afrika in vele opsigte duur te staan gaan kom, lei geen twyfel nie. Oënskynlik is die belastingbetalers nie te erg verontrus oor die finansiële oorlading wat dit tot gevolg het nie, en het krisisbestuur, ten einde die knelpunte wat kort-kort opduik te hanteer, al simptomaties deel van die sisteem geword. Die vraag wat ons as ouers en onderwysers egter vir onsself moet afvra is of dit regverdigbaar is dat ons kinders in die proses opgeoffer word, in ag genome al die faktore wat deur die heersende openbare onderwysopset teweeggebring is. Daarvan verneem ons gereeld oor die media.

Daarom die vraag: waarheen neem UGO ons?

In oorsese lande is UGO toegelaat om eers die toets van die praktyk te deurstaan, al dan nie, alvorens die onderwyskundige geldigheid daarvan bevraagteken is. Volgens die bronne was dit nie in staat om onderwys in die ware betekenis daarvan te lewer nie. Een van die grondoorsake vir die mislukkings oorsee is daarin geleë dat UGO nie ontwerp was om werklik onderwys te lewer nie, maar die samelewing te transformeer ter wille van politiesideologiese oorwegings. Soos 'n referent dit tydens 'n vorige kongres gestel het: die Westerse wêreld moet gekondisioneer word om op te hou dink.

'n Mens kan 'n duur navorsingspoging van stapel laat loop om vas te stel waar ons tans met Kurrikulum 2005 in Suid-Afrika staan. Alternatiewelik kan, deur slegs 'n aantal onderwyskundige toetsingsvrae te stel, vasgestel word of hierdie model na dertien jaar wel aan die onderwysgemeenskap lewer wat dit veronderstel is om te doen.

Het dit in die lig hiervan vir Christen-Afrikanerouers nie tyd geword nie om ernstig en verootmoedigend die saak van die onderwys van hulle kinders voor God te bring, en ons opnuut te vergewis van wat ons opgelegde verantwoordelikheid in hierdie verband van ons vereis nie?

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERNREDAKSIE: Prof AWG Raath, Prof DFM Strauss.

VCHO 50

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21
Universitas
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks. (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Mnr. S le Cornu (Carltonville), Prof PH Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds G van Heerden (De Deur), Prof R Marè (Pretoria), Prof IH Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Brits), Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brakpan), F van Deventer (Pretoria), Prof JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes

Gedruk deur Handisa Media • Tel: (051) 403 8500